# PROFESSOR DR. S. P. ENGELBRECHT EN DIE GEESTELIKE KULTUUR VAN DIE AFRIKANER.

As navorser van die geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, het S. P. Engelbrecht te doen gekry met wyere samehange en dan nie slegs met die hele Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis nie maar ook met die politieke, ekonomiese en kulturele ontwikkelingsgang van die Afrikaner. Op die beurt het dit die navorser gevoer tot kennis van 'n nog groter agtergrond, die geskiedenis van Wes-Europa.

Die kerkhistorikus was vroeg ook erkende kenner van die vaderlandse geskiedenis. As sodanig het hy gedurende die dertiger jare aan die Universiteit van Pretoria in die Lettere fakulteit 'n leeropdrag behartig met die aanduiding Afrikaanse Geskiedenis. Dit het eintlik beteken Voortrekkergeskiedenis. Werk wat hy in daardie verband gelewer het deur onderrig, navorsing en publikasie, was van waarde om die Afrikaner bewus te laat word van die wortels van sy eie geestelike bestaan. Veral was dit so vir die Afrikaner van die Noorde.

Al word beweer dat die enigste les wat die geskiedenis leer is dat die geskiedenis geen les leer nie, en al word vermaan dat die geskiedenis nie eintlik 'n wapen mag wees vir verweer of aanval nie, het dit tog steeds in die geaardheid van die jubilaris gelê om die geskiedenis 'n les te laat leer en om 'n bruikbare geweer te wees vir aanval en verdediging ook op gebiede buitekant die kerklike bestaan. Dit was van besondere betekenis vir die Afrikaner in 'n tydperk van strewe na behoud van eie identiteit en toenemende geestelike, met inbegrip van kulturele, selfontplooiing. Dit was juis die toedrag van sake sedert die driejarige oorlog.

Elke mens is 'n kind van sy eie verlede. S. P. Engelbrecht was 'n seun van die ou Republiek, 'n spruit van 'n Voortrekkerstam en hy het vroeg en later in sy lewe vriendskap en beskerming geniet van Hollanders. Sy liefde vir daardie drie wesenlikhede was so groot dat dit nie gegrens het aan partydigheid nie, maar partydigheid was. Hy sal die laaste een wees om my hierdie siening te verkwalik.

Weer moet ek toevoeg dat dit vir ons, kinders van die ou Republiek en Voortrekkernasate, goed was om 'n kampvegter te hê vir die eer en betekenis van ons verlede. Dit gee 'n gevoel van eiewaarde. Daaruit spruit sekerheid en rustigheid wat die gesindheid wek om eie geestesgoed te bewaar en te bevorder omdat mens 'n aandeel het. Anders raak mens op die agtergrond met 'n gevoel van minderheid.

Goed is dit ook dat die beeld van die Afrikaner nie een sal wees na eie smaak en maaksel nie soos ons dit meermale teëkom nie maar dat dit sal wees die beeld wat aftekening kry teen die agtergrond van die geskiedenis. Wie daartoe bygedra het was van betekenis vir die geestelike kultuur van sy gemeenskap.

Prof. dr. C. H. RAUTENBACH.
Rektor en Onderkanselier, Universiteit van Pretoria.